

UITSTALLING EN BOEKBEKENDSTELLING BY DIE BREYTENBACH SENTRUM



Miskien word die ware gesig bedek met 'n doek of 'n vel papier wat die krapspore van verganklikheid probeer na-klank en nastreep. Dit wat neerslag vind is dan blyke van erkentlikheid en dank om méns te kan wees tussen *hierdie* medewesens in *hierdie* plek. Ook al is bewuswording 'n verbleiking van kleure.

ek wens

ek wens so

ek was 'n mens

Die bydrae tot die Sentrum van die huidige werk-in-wording wat grotendeels tydens die afsonderingstyd van inhokking ontstaan word **SKEURSELS** genoem. Deels omdat dit in gemengde media is – waterverf, akriel, plakwerk – maar ook omdat dit niks méér kan verbeeld as die versnipperde geheue aan 'n geheel nie. Van die klein formaat werke sal u sien het 'n *voorkant* en 'n *agterkant*, 'n 'kykkant' en 'n 'agternakykkant'.

Miskien lê die gesig waarna ek verwys tussen die twee.

Ek wil die uitstalling beskou as die bevestiging van 'n verbintenis aan hierdie streek se mense en geskiedenis en aan die soeke wat ons onderling verbind. Wat anders is dit as 'n *saammaak* van die bevestiging van menswaardigheid al word ons ook te dikwels verblind deur ang ?

Die Sentrum is so 'n kruispunt van wedersydse omvorming. Dit is nooit 'ons' s'n nie al bly dit ook 'n herinnering aan behoort. Dis 'n ruimte van aangee waar ervarings en insigte en vaardighede gedeel en waar van mekaar geleer kan word. Dit is ook 'n proses van herkénning waar daar uitruiling mag wees tussen die *hier* en dié en dit wat van elders kom.

As konkretisering van die help dra aan die oorgange van blootstelling dink ek dié van ons wat meer deurwinterd is, ons ouer reptiele wat nie meer baie vel het om te verloor nie, behoort elke keer 'n jonger kunstenaar te vra om tegelykertyd uit te stal. Dit is my voorreg om vir Kobus Coetzee te nooi om saam so 'n tradisie te begin. Maar dit is ook die voortsetting van 'n ou vriendskap.

Belewenisse van saamgroei vertaal tot die uiting van 'n taal wat die strewe na skepping vergestalt. Daardie gang is ons droomboek teen sterwe sodat ons mag aanhou sterre plant in die erfenisaarde. Die droom is dat hierdie Sentrum eweneens die beliggaming kan wees van 'n **WOORDMAKERSVALLEI** vir ander.

*hier kom ek dan
met wyle tyd
my ou koue pampoen
waarvoor niemand meer skrik -
al is dit ook so dat
om in oorskiettyd te verwyf
'n ekstra skeppie sou beteken -*

*maar so is dit dan
soos dit eintlik altyd al is
en sou wees*

*'n geval van pampoenmaan in die dam
terwyl die son opkom*

*op hierdie plaas
moet mens jou immers oplaas
met die lig versoen*


Tyd verwyf en word dalk yl. Tyd is taal. Taal is tyd gehaal uit die aarde. Tyd is dus syn en syn is, sover ons dit kan ervaar, taal-in-wording. Is dit waar? Die waarheid is fragmentaries van aard en soms is dit net 'n maan in die dam.

Saam met hierdie uitstalling, en danksy die Sentrum, verskyn daar 'n boek – meer in die lyn van 'n volksboekie of 'n traktaat : **HOKHOKAAI FRAGMENTE**. Dit bevat geen wysheid en weer eens is dit die gedeeltelike en soms donker weerspieëling van ingeperkte tyd.

*al-wat
oor-bly
uit oer-tyd se wees
is hees pou se
kon-krete
po-e-sie*

Ek wil graag die mense en die instansies wat die publikasie moontlik gemaak en bewillig het bedank : Alida Potgieter, Catherine du Toit, Daniël du Plessis, Anne-Ghrett Erasmus en François Lötter – en Die Hiemstra Trust en Spier.

Maar woorde bring ook verantwoording. Vir my sal dit wees teenoor my ouers, Hannes en Kitty. En my broers, Cloete en Sebastiaan en Ampie. Wanneer word die masker 'n verband om die gesig, om die wond wat eens 'n mond was ?



Breyten Breytenbach

Junie 2021